


Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 04 Apr 2018
Page: 7

AVE: 18011.05
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

**Sport**



Die Assupol Tuks-krieketspan.

# Tuks 'n kampioen-fabriek

**Wilhelm de Swardt**

Om 'n span as die beste in Suid-Afrika te bestempel kan gevaarlik wees, maar daar is kere wat die spelers en afrigters se vertonings self dié uitspraak staaf. Die Assupol Tuks-krieketspan is 'n sprekende voorbeeld.

Vir meer as 'n dekade gaan die span al van krag tot krag. Dis moeilik om by te hou met al die titels wat al gewen is. Belangriker is die rol wat dié span in nasionale krieket speel.

As niks onvoorsiens gebeur het nie, sou Suid-Afrika se nasionale span gister 'n geskiedkundige reeksoorwinning oor Australië behaal het. Dit is die eerste keer sedert 1970 dat die Proteas die Aussies in 'n tuisreeks klop.

Tuks se bydrae in dié suksesverhaal mag nie geringgeskat word nie. AB de Villiers, Faf du Plessis, Aiden Markram en Morné Morkel is almal oud-Tukkies. Lungi Ngidi en Theunis de Bruyn was ook in die reeks in aksie, terwyl Heinrich Klaasen deel van die Protea-groep is.

Dit bewys onteenseglik dat Assupol Tuks die klub is waar jong spelers leer om kampioene te word.

In plaaslike klubtoernooie het Tuks amper nie sy gelyke nie.

In Januarie het dié span die Varsity-toernooi gewen en 'n paar weke later die Noordelikes-krieketunie se T20-toernooi. Die Tukkies is ook die Suid-Afrikaanse Universiteite-kampioen, die Nasionale Klub-kampioen en oorheers die onderskeie plaaslike krieket-toernooie.

Tuks het verlede week sy spelers vereer. Ivan Kriek is aangewys as die beste kolwer en Ruben Trumpelmann as die beste bouler.

Nkosinathi Msiza het aan die begin van verlede seisoen in 'n gesprek vir Kruger van Wyk (hoofafrigter) genoem dat sy droom is om een van die beste draaibalboulers te word.

Dit het nie by praat gebly nie. Msiza en die klub se afrigtingspan het ure in die nette deurgebring om seker te maak hy bemeester die fynere kunsies om goëlballe af te stuur. Die toewyding het vrugte afgewerp. Msiza was een van die uitblinkers in die Varsity-toernooi. Hy het die prys ontvang as die speler wat die meeste verbeter het.

Neil Brand wat Assupol Tuks tot die Varsity-sege aangevoer het, is welverdiend aangewys as die Spelers se Speler van die Jaar.

Gedurende dié toernooi het hy in nege kolfbeurte 300 lopies teen 'n gemiddeld van 42.9 aangeteken. Hy het ook nege paaltjies laat kantel. Daarvoor is hy as die Speler van die Toernooi aangewys. Sy waardevolste vertoning was waarskynlik in die eindronde. Hy het onoorwonne 59 lopies van 57 balle gemoker.

Donovan Ferreira is die Speler van die Jaar. Van Wyk beskryf hom as 'n amperse volmaakte speler omdat hy oor die vermoë beskik om homself in elke faset van die spel te laat geld.

Gedurende die Varsity-toernooi was Tuks met hul rug teen die muur in die wedstryd teen die Universiteit van Johannesburg. Dit was 'n moet-wen-wedstryd as hulle hul aanspraak om die titel lewendig wou hou.

Ferreira was verwoestend. Hy het 79 lopies van 40 balle gemoker, drie paaltjies laat kantel en 'n vangskoot benut. Dit was nie die eerste keer dat hy dit in 'n wedstryd vir Tuks reggekry het nie.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.